**Woensdag 15 Maart**
**Skrifgedeelte: Deuteronomium 17:14-20**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 17:18-19**
**Dagboek of wetboek?**

Ons almal ken ’n dagboek waarin jy jou beplanning vir die dag opteken. Jy kan jou maar net indink hoe vol ’n koning of staatshoof se dagboek is. Maar as Israel ’n koning sou kry, sou hy eers uit God se wetboek moes lees voor hy sy dagboek oopmaak. Met goeie rede: Iemand wat regeer, het baie mag. Hierdie mag word so dikwels misbruik. Mag het ’n manier om mense hoogmoedig en selfsugtig te maak. In die Bybelse tyd was dit selfs nog erger. Die koning was ’n outokraat wat geen teenstand geduld het nie. Sy woord en sy beslissings was wet!

In ’n land waar God die ware koning is, sal so ’n koning nie deug nie. Die koning van Israel moet volgens God se wil regeer. Eintlik is hy niks anders as ’n amptenaar van God nie. Tog sit hy op ’n troon van mag. Om egter sy mag gehoorsaam aan die Here te bring, en om hom diensbaar aan die Here te maak, word ’n baie belangrike voorwaarde aan hom gestel: hy moet elke dag uit God se wet lees!

Die koning wat die wette van die land moet maak en handhaaf ... moet eers en voor alles God se wet lees! God se wet moet dus sy besluite en sy wette begrond. God se wet moet hom leer van genade en van regverdigheid. God se wet moet hom nederig en dankbaar maak.

Dit geld ook vir jou. Voor jy jou dagboek oopmaak, voor jy jou afsprake nakom, voor jy met ma en pa gaan praat oor dit wat vir jou belangrik is ... maak eers God se Woord oop. Jesus het immers gesê: “Julle moet julle ook nie leermeesters laat noem nie, want een is julle leermeester: Christus” (Matt. 23:10).

Lees eers wat jou gesindheid moet wees, lees eers van vergifnis en lankmoedigheid. Lees eers van sagmoedigheid en van nederigheid – en as jy gebid het dat die Gees jou hierin sal sterk maak, dan is jy gereed vir jou dagboek!

*Sing: Psalm 25-1:2, 4*

*Ds. CJ van Vuuren (Christo) (Hartbeespoort)*